**Woensdag 20 Desember**
**Skrifgedeelte: Markus 11:12-26**
**Fokusgedeelte: Markus 11:21-22**
**Dra die vrug van geloof in God in ons gebede**

Met die eerste oogopslag lyk dinge soms heelwat anders as wat dit werklik is. Dit is waarteen die Here ons waarsku wanneer Hy sy dissipels leer oor hulle geloofslewe en veral hulle gebedslewe. Die Here gebruik die natuur en sy soeke na iets om te eet, om die dissipels hieroor te onderrig. Hy sien ’n vyeboom met sy welige blarekroon, wat selfs buite die vyeseisoen vrugbaar lyk. Maar by die vyeboom gekom, kon die Here geen vrug vind nie. Hy vervloek die vyeboom, wat daarop verdroog. So wys die Here vir ons wat die boom in werklikheid reeds in homself was – skynheilig (vrugteloos) en dood.

Dit wat die Here simbolies met die vervloeking van die vyeboom gewys het, tref hulle dan ook by die tempel aan. Van ’n afstand af gee die volk en die geestelike leiers ’n mooi beeld van geloof. Die huis van gebed lyk van buite af besig en vol! Maar die vrug wat hulle moes dra, was nie daar nie en getuig van hulle ongeloof. Die tempel as bedehuis was in ’n rowerspelonk verander, ’n handelsentrum. Hulle het die geloofsbeginsels vergeet, en daarom maak die Here die tempel weer skoon deur die mense daar uit te jaag.

Nou kom die Here se oproep aan ons: “Julle moet geloof in God hê.” ’n Ware, lewende geloof in God moet ons lewens, ook ons gebedslewens, kenmerk. Ons gebede moet nie maar ’n instrument wees waarmee ons iets wil kry nie. Ons gebede moet eerstens die eer van God soek. Ons lewens moet die vrug van geloof na buite dra, sodat God daarin geëer word en dit ander kan versterk.

Deur ons oë op ’n vyeboom te rig, stel die Here ons dus vandag voor die vraag: Hoe lyk ons geloofslewe? Is dit dalk ook van ’n afstand en van buite mooi, maar in werklikheid sonder vrug? Skud dan die innerlike doodsheid af. Glo in God en leef met God! So kan ons die vrug dra wat God van ons verlang. So kan ons waarlik lewe om God te lowe.

*Sing: Psalm 1-1:1, 2*

*Ds. PR Gouws (Retief) (Dendron/Magalakwin)*